**DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM**
**VIGSBELEID**

## 1. DOEL VAN BELEID

Die Hoërskool Wonderboom erken die behoefte vir skole om ‘n beleid te ontwikkel wat in lyn is met riglyne volgens die nasionale MIV/Vigsbeleid. Die doel van die beleid is om:

- die risiko op oordrag van MIV/Vigs in die skoolgemeenskap te beperk.
- seker te maak dat die boodskap van MIV/Vigs-bewustheid effektief aan die skoolgemeenskap gekommunikeer word.
- die skool ‘n helpende en ondersteunende omgewing vir MIV-positiewe leerders en onderwysers te maak.

## 2. ONGELUKKE EN BESERINGS

a) ‘n Noodhulpkissie met die nodigste toerusting (handskoene, pleister, verbande, ontsmettingsmiddel ens.) sal in die kluis en in die noodhulpkamer gestoor word.

b) Alle snye, wonde, sere ens. moet as potensieel gevaarlik hanteer word.

c) Bloed moet met groot versigtigheid hanteer word. Niemand moet direkte kontak met bloed of liggaamsvloeistof van ‘n ander persoon hê nie. Alle wonde, snye en skrape moet deeglik skoongemaak, ontsmet en toegeplak word. Vel wat per ongeluk met bloed in aanraking gekom het, moet onmiddellik met seep en water geskrop word.

d) Handskoene moet te alle tye gedra word tydens behandeling van wonde.

e) Geen leerder met oop wonde mag aan enige kontaksport deelneem nie.

## 3. SEKSUELE GEDRAG

a) Volgens die skool se dissiplinêre kode vir leerders en onderwysers mag daar geen fisiese kontak en liefkosings tussen leerders en tussen leerders en onderwysers wees nie.

b) Beweerde seksuele molestering en verkragting tussen leerders en tussen leerders en onderwysers sal deur die skoolbestuur en beheerliggaam ondersoek word en indien daar gronde is vir die bewerings, sal dit aan die SAPD oorhandig word.

## 4. DIE SKEPPING VAN ‘N HELPENDE, ONDERSTEUNENDE SKOOLOMGEWING VIR MIV-POSITIEWE LEERDERS EN ONDERWYSERS

a) Geen leerder of onderwyser wat MIV-positief is mag op ‘n onregverdige diskriminerende wyse behandel word nie. Onderwysers moet bedag wees op beskuldigings teen MIV-positiewe persone. Leerders en onderwysers wat MIV-positief is, moet op ‘n menslike, normale wyse hanteer word.

b) Geen leerder of onderwyser kan verplig word om sy/haar MIV-status openbaar te maak nie. Vrywillige bekendmaking moet aangemoedig word sodat stappe geneem kan word sodat daar nie teen so ‘n persoon gediskrimineer kan word nie. Alle inligting rakende ‘n leerder of onderwyser wat MIV-positief is, moet as streng vertroulik hanteer word.

c) Ondersteuning en berading is beskikbaar by ons skool en wel in die vorm van die onderskeie graadvoogde, opvoedkundige sielkundige, jeugwerker, ondersteuningspaneel van kundiges en onderwysers.

d) Geen leerder mag toegang geweier word by die skool of van verdere bywoning weerhou word as gevolg van MIV nie.

Geen opvoeder mag ‘n aanstelling geweier word of uit sy/haar pos gesit word as gevolg van MIV nie.

Geen leerder of opvoeder mag aan ‘n vigstoets onderwerp word alvorens hulle tot die skool toegelaat word nie.

e) Leerders met MIV het die reg om enige skool by te woon en daar moet sover moontlik aan hulle behoeftes voldoen word.

Leerders moet klasse bywoon solank hulle gesondheid dit toelaat.

Leerders wat skoolpligtig is en geen baat sal vind by skoolonderrig of tuisonderrig nie, mag vrygestel word deur die Superintendent-Generaal in terme van artikel 4(1) van die SA Skole Wet (1996) nadat daar met die hoof, ouers en ‘n mediese dokter gekonsulteer is.

Leerders wat siek by die huis is, moet voorsien word van hulle skoolwerk. Ouers moet toegelaat word om hulle kinders tuisonderrig te gee.

Leerders met MIV-gedragsprobleme of neurologiese afwykings moet in LSEN-skole geplaas word. Hierdie moet egter nie ‘n verskoning wees om ‘ n MIV-leerder uit die hoofstroom te neem nie.

## 5. ‘N PRO-AKTIEWE MIV/VIGS-STRATEGIE IN DIE SKOOL

a) In alle vakke en leerareas, waar van toepassing, word hierdie belangrike tema aangeraak en op die belangrikheid daarvan gewys.

b) MIV/Vigs word altyd binne die raamwerk van geslagsopvoeding geplaas en beklemtoon.

### 6. GOEDKEURING

| | | | |
|---|---|---|---|
| **AANBEVEEL DEUR SKOOLHOOF:** (naam en van) | MNR MARIUS LEZAR | **HANDTEKENING:** | |
| **DATUM:** | | | |
| **GOEDGEKEUR DEUR BEHEERLIGGAAM-VOORSITTER:** (naam en van) | MNR GM JANSEN VAN RENSBURG | **HANDTEKENING:** | |
| **DATUM:** | | | |
| **GEKONTROLEER DEUR GDO:** (naam en van) | | **HANDTEKENING:** | |
| **DATUM GEKONTROLEER:** | | | |
| **GESERTIFISEER DEUR:** | | **HANDTEKENING:** | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (naam en van) | | | |
| **DATUM:** | | | |